



# Sondag 18 April 2021

## Ds. Riekie Wilken

Derde Sondag in Paastyd

Tweede C – CHRIST CENTERED

Tema: Met jou oog op Jesus

Teks: Hebreërs 12:1-3

### 1. VERWELKOMING

Dit is vir my 'n groot voorreg om weer saam met jou te kuier rondom die Woord van die Here. Mag vandag se boodskap ook vir jou tot groot seën wees. Ons vier vandag die tweede week van ons 7-weke reeks met die tema: die 7 C's. Vandag se tema is Christ-centered. Of Christus sentraal in ons lewens.

### 2. AANVANGSWOORD

*Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strew na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.*

**Kol. 3:1-3**

### 3. SEËNGROET

Die seëngroet aan die begin van die erediens is 'n groet in die Naam van die Here waarmee Hy aandui dat Hy met in goedheid en genade gemeenskap met die gemeente soek. En hierdie seëngroet gee uitdrukking aan 'n liefdesverhouding wat daar is tussen ons en God op grond van wat Jesus Christus vir ons kom doen het en deur die Heilige Gees uitgedeel word.

DAAROM

“Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees.”

### 3. INLEIDEND

Wanneer ons vanmôre gesels rondom die tema Christus sentraal in ons lewens, dan praat ons nie net van ons eie persoonlike lewens nie, ons praat ook van ons as gemeente.

Daar was so 'n paar jaar terug 'n artikel wat oor die kerk verskyn het. Woorde oor die kerk van die Here Jesus wat party se tone van lekkerkry laat omkrul (soos ek lees in die kommentaar daaroor) en woorde wat ander met totale weersin afmaak.

*Trauma vir lidmate as kerk wêrelds raak. Geskryf deur prof Christina Landman.*

**(Hier is die skakel na die artikel: <https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/trauma-vir-lidmate-as-kerk-werelds-raak-20180717>)**

*... as ek ooit die geleentheid kry om 'n kerk te stig, sal ek 'n boom kies. Dan kan elkeen sy eie stoel bring. Een wat vir hom gemaklik en gerieflik is, wat hoog genoeg en sag genoeg sal wees. Jy kan ook jou stoel self skuif as jy nie mooi kan sien nie, want onder die boom is daar nie 'n preekstoel of 'n verhoog nie. Onder die boom is daar ook nie verwarmers wat party koud los en ander warm onder die kraag laat nie. Onder die boom is daar nie 'n projektor waar die woorde so deur die son verdof word dat ons nie vir die Here kan sing nie. In elk geval, onder die boom is nie 'n kragpunt om die orrel in te plug of plek om die orkes staan te maak nie.*

*Onder die boom kom jy net luister na wat Jesus sê. Daar gaan dit nie oor hoe jou buurman lyk of wat hy aantrek nie, want onder die boom sien ons Jesus in mekaar. Onder die boom sien ons Jesus tussen ons en sien ons Jesus in*

*die wêreld! Want daar onder die boom sit ons in die wêreld. Onder die boom gaan dit oor niks anders as oor Jesus nie.*

Mag dit vanmôre oor niks anders gaan as Jesus nie!

#### **4. SKRIFLESING**

**HEBR. 12:1-3**

#### **DIE OOG MOET OP JESUS GEVESTIG WEES**

*Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.*

#### **5. GEBED**

Here, ons fokus so baie op onself, dit wat ons wil hê en net so 'n klein bietjie op U. Dalk omdat ons so gemaklik geraak het om net ons gewetes te sus met die regte hoeveelheid bid en Bybellees. Tog rig ons, ons lewe in rondom onself en ons eie goed dat U, Here Jesus eintlik nie plek het nie. U raak weg in ons lewe, U raak weg in ons dagboeke, U raak weg in ons vriendekringe, in ons kuiers. U raak weg in ons kerk, U raak weg in die wêreld. En Here dan beleef ons nie eers meer die trauma as die kerk nie meer die wêreld raak nie. Dit is nie meer vir ons vreemd dat ons nie 'n impak het in en op hierdie wêreld nie. Here, ek bid dat ons as gemeent nie maar net 'n 'n plek sal wees waar mense Jesus op Sondae kom opsoek, gemaklik en blink gepoets, maar Jesus dan by die deur los as ons die week met ons eie lewens voortgaan nie. Daarom bid ek Here Jesus, laat ons weer ontdek wie Jesus is asseblief, want wat anders maak meer sin as om ons oog op U te hou, ons fokus U te maak, die spilpunt waarom ons lewens draai.

Amen

#### **6. BOODSKAP**

Mag ek maar vanmôre met 'n vraag begin? Wat of wie is vir jou die belangrikste in jou lewe? Nee, moenie dadelik antwoord nie. Ons almal wil van nature die vraag reg antwoord. Ons almal weet ook wat die antwoord moet wees. Jesus Christus. Maar mag ek vanmôre vir jou vra wat bepaal regtig die prioriteite in jou dagprogram? Wat bepaal regtig met wie jy kuier? Wat bepaal regtig jou begroting? Wat bepaal regtig jou gedrag, jou woordeskat keuse, jou optrede teenoor mense? Kom ons wees vir 'n oomblik eerlik.

Dit is amper soos die verhaal wat Ds. Johann vir my vertel het (dink julle het dit ook al gehoor). Die verhaal van die dominee wat vir die kinders 'n prentjie van 'n eekhorning wys en dan vir die kinders vra wat is dit. En niemand wat iets wil antwoord nie. En nadat hy al die leidrade gegee het, bly in bome, eet neut, het 'n wollerige stert, steek 'n dogtertjie haar hand op en hy vir vra vir haar, ja wat is dit? En sy hom antwoord: Ek weet die antwoord moet Jesus wees, maar dit lyk vir my darem net te veel na 'n eekhorning.

Ons almal weet as dit kom by die vraag wat moet die fokus van ons lewens wees, wat moet die fokus dat die antwoord Jesus moet wees, maar ai, ons weet ons fokus lyk in werklikheid baie anders.

Vandag se teks wil ons aanmoedig om 'n lewe te leef met Jesus as die sentrale fokuspunt, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en die Voleinder van die geloof. Die Hebreër-skrywer wil baie duidelik net die oog op Jesus vestig en op niemand anders nie.

Om jou oog op iemand te vestig, beteken hier dat jy net vir daardie Een kyk, dat jy as't ware blind word vir alle ander dinge, dat jou oë vasgenaël is net op die Een. En die Een oor Wie dit hier gaan, na Wie jy so vasgenaël moet kyk, is Jesus.

Let op dat hier na Jesus verwys word. Hoekom net Jesus en nie Jesus Christus nie? Dalk omdat ons veral na Hom as mens moet kyk, na hoe Hy – toe Hy, die Seun van God, mens ook geword het – hier op aarde in ons plek, vir ons redding en vir ons tot 'n voorbeeld hierdie geloofswedloop gehardloop het.

Jy hóór hoe die skare van geloofsgetuies rondom jou jou aanspoor, maar jy hou jou óóg net op Jesus, jy kyk net vir Hom! Dis soos kleutertjies wat hulle eerste atletiekresies hardloop met pappa of mamma wat daar voor op die punt van die baan staan waarin hulle moet hardloop. Hierdie kleintjies kyk net vir mamma of pappa en hulle hou aan hardloop totdat pappa of mamma hulle daar by die eindpunt in die arms vang...

Só moet ons aanhou in hierdie geloofswedloop, in ons lewens– die oog net op Jesus!

Nou hoekom moet ons in hierdie geloofswedloop, in ons lewens vir Hóm kyk, Hom ons fokuspunt maak?

Omdat Hy die Leidsman en Voleinder van die geloof is. Jesus is die begin van ons geloof. Dis Hý wat ons geloof gee. Ons geloof begin by Hom. Maar Hy is ook die Leier van ons geloof in die sin dat Hy bepaal wat ons moet glo en Hy stuur Sy Gees in ons in wat ons dit wat ons moet glo, laat ken en laat verstaan en laat aanvaar.

Dit is ook Hý wat keer dat ons ons geloof nie verloor nie. Hy's die begin en die leier van geloof – die Leidsman daarvan. Maar Hy's ook die Voleinder van geloof. Hy's die Eindpunt waarheen ons hardloop in hierdie wedren, die Een wie se oop arms ons daar by die eindstreep inwag. En daarom moet ons die oog op Hom hou, omdat Hy die Leidsman en Voleinder van die geloof is.

Die vraag is nou net: Hoe hou 'n mens jou oog op Jesus?

Jy "kyk" vir Jesus. En hierdie kyk vir Jesus moet iets anders wees as om in die wildtuin na diere te kyk. Jy moet jou gees doelbewus vol maak met gedagtes oor Jesus. Oor wie Hy is; oor wat Hy alles vir ons gesê het en gedoen het; oor wat dit alles vir ons beteken; oor die ewigheid saam met Hom wat vir ons voorlê. Jy "kyk" vir Hom deur jou Bybel te lees, nie om alles en nog wat daarin te leer nie, maar om Hóm op elke bladsy daarin raak te lees.

Eintlik staan hier nie net dat ons "na" Hom moet kyk nie, maar "in Hom moet inkyk. Een van die Engelse vertalings gee dit weer met "consider Him closely". Jy moet so stip na Jesus kyk dat jy as't ware in Sy hart inkyk – daardie hart waarmee Hy ook jóú sondeskuld betaal het toe Hy daar aan die kruis gehang en verskriklik gely en doodgegaan het, en toe op die derde dag uit die dood uit opgestaan het..

Kyk vir Hom!

Ek en jy gaan die fout van ons lewe maak as ons op ander plekke loop kyk, as ons, ons teen ander dinge begin blindstaar. Jy gaan hierdie wedloop nie klaarmaak as jy verkeerde plekke kyk nie. Jy gaan dit byvoorbeeld nie maak as jy jou teen jou of teen ander se sondes blindstaar nie. Hou jou oog liewer op Jesus, die Vergewer van sondes! Dit maak nogal dat ons baie anders teenoor mekaar optree as ons die fokus Jesus maak en nie mekaar se foute en gebreke en sondes nie. Dit maak nogal dat ons anders kerk is wanneer ons kies om ons fokus Jesus te maak en nie mekaar en die wêreld se gebrokenheid die hele tyd voor te hou as die fokus nie.

Ons gaan dit nie maak as ons ons blindstaar teen al die beproewings in ons lewe nie. As jy heeldag met jou gedagtes in die smartkamers van die lewe rondloop, gaan jy daarin verdwaal en jou die hele tyd teen allerhande mure vasloop. Hou jou oog liewer op Jesus, wat in dieper en donkerder kamers as jy moes ingaan sodat elkeen wat in Hom glo, nooit in dáárdie dieptes en donkertes hoef in te gaan nie.

Dalk het die Hebreër skrywer iets beetgehad toe hy gesê het as dit kom by die lewe, kyk vir Jesus, nie vir mense nie. Kyk na Jesus, die Ewige, Onveranderlike, Almagtige, wat altyd daar gaan wees en altyd gaan help!

Moet ook tog nie die fout maak om na jou eie vroomheid, jóú geloof, jóú gebede, jóú offers in diens van die Here, jóú opofferings vir jou naaste te kyk nie. Dis skimme waarna jy kyk. Ons beste werke is opsigself nog soos vuil klere, waaroor ons eintlik ook skaam moet wees.

Daar's net een manier om in hierdie wedloop van die lewe te volhard: hou jou oog op Jesus! Ons moet in hierdie wedloop na niks en niemand anders kyk nie. Laat Jesus bepaal hoe jy jou week volmaak. Laat Jesus bepaal waar jou voete rondloop. Laat Jesus bepaal wat jy met jou hande en jou woorde doen. Laat Jesus bepaal waar jy met jou beursie en jou tyd saai. Laat Jesus bepaal waarop jy jou gedagtes rig en waarna jou oë kyk.

In 'n lewe waar ons programme druk en gejaagd is, bekommernisse en versoekings baie is en die wêreld en die wêreld se manier soveel harder in ons lewens skree, waar ons fokus so maklik verskuif - Hou die oog op Jesus...!

Onthou dit as dit goed gaan, en die oë neig om teen vreugdes en plesiere vas te kyk. Onthou dit as die nasies woel en die politiek jou ontstel rentekoerse jou na jou asem laat snak en die wêreld deurmekaar lyk. Onthou dit as ons as mense mekaar se daaglikse lewensruimtes betree. Onthou dit as dit in jou persoonlike lewe swaar gaan, as die stormgolwe van hierdie lewe oor jou spoel.

Onthou dit.

Hou die oog op Jesus!

Onthou dit as jy jou dagboek volmaak, jou week beplan, met mense te doen het, jou lewe inrig, jou kinders groot maak ...

Onthou dit!

Mag ek en jy Jesus as fokuspunt in ons lewe ontdek. Gaan dink hoeveel is Jesus deel van jou lewe, deel van jou werk, deel van jou huwelik, deel van jou gesin, deel van jou besigheid, deel van jou vriende. Mag ons mense wees wie se lewe Jesus is! Mense in wie se lewe Jesus elke oomblik gesien en gehoor word, in jou eet en jou drink en jou praat!

Mag ons as gemeente Jesus as fokuspunt leef en mag dit ons getuigenis wees in 'n wêreld wie se fokus so vasgedraai geraak het.

Onthou dit !

Die oog op Jesus...

## **7. GEBED**

Ek wil vanmôre die bekende woorde gebruik van 'n lied as gebed: *Jesus, be the centre...*

*Jesus, be the centre. Be my source, be my light, Jesus.*

*Jesus, be the centre. Be my hope, be my song, Jesus.*

*Be the fire in my heart. Be the wind in these sails. Be the reason that I live, Jesus, Jesus*

*Jesus, be my vision, Be my path, be my guide, Jesus*

*Amen*

**Jesus, be the centre – Micheal Frye**

<https://www.youtube.com/watch?v=MERQ0P600CE>

## **8. SEËNGROET**

Mag die liefde van die Here Jesus ons na Hom toe trek;

Mag die krag van die Here Jesus ons sterk maak in sy diens;

Mag die vreugde van die Here Jesus ons vervul.

Mag die seën van die almagtige God, die Vader, Seun en Heilige Gees, tussen ons wees en vir altyd bly.